# ELKEEN

## Deel 2 – Elkeen 'n Iemand

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Het jy al ooit nuus ontvang wat jou lewe drasties verander het of jou lewe in 'n nuwe rigting gestuur het? Vertel jou groep daarvan.**
- **Iemand het gesê, *nuus is net nuus as iets gebeur het en dit gerapporteer word*. Hoe kan ons daardie stelling toepas met die goeie nuus van Jesus?**
- **Hoekom dink jy gebeur dit soms dat die goeie nuus van Jesus nie meer gelowiges se hart roer nie? Hoe kan 'n mens dit keer?**
- **Statistiek wys dat indien iemand langer as 2 jaar 'n Christen is, hy al hoe minder die evangelie met mense deel. Wat dink jy daarvan?**

**Lees Johannes 1:35-51 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter impak het die woorde van Johannes die Doper in vers 36 vir ons?**
- **Wat was die eerste ding wat Andreas doen nadat hy vir Jesus gevind het? Hoe is dit op ons van toepassing as volgelinge van Jesus?**
- **Wie vind vir Filippus? Hoe stem dit ooreen met Lukas 19:10?**
- **Wat was die eerste ding wat Filippus doen nadat Jesus hom vind?**
- **Watter visie gee Jesus vir Petrus en Natanael in vers 42 en 51?**
- **Wie is jou een meer? Wat kan moontlik die visie wees wat Jesus in hulle lewe sien soos Hy gedoen het in Petrus en Natanael se lewe?**

**Lees Kolossense 4:2-6 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Waarvoor bid Paulus? Hoekom is hy in die tronk?**
- **Paulus sien alle omstandighede as 'n geleentheid om die evangelie te deel. Hoe dink jy kan ons dieselfde gesindheid teenoor ons eie omstandighede ontwikkel?**
- **Wat dink jy bedoel Paulus met vers 5? Wat dink jy vereis dit van hoe ons tussen ongelowiges moet lewe?**
- **Hoe benader jy geleenthede om met ander oor Jesus te praat?**

- **Hoe sou jy jou hart teenoor verlore mense beskryf? Hoe stem dit ooreen met Paulus se hart in Romeine 10:1?**
- **Wat kan jy hierdie week doen dat die passie om verlore mense te bereik sterker brand in jou hart?**
- **Wie is julle EEN MEER? Bid saam as 'n groep vir hierdie mense.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**